e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

20 September 2012
Jaargang 5 – Uitgawe 33

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

2013 – Jaar van die Gestremde

Kyk 'n mens na foto's van die Olimpiese deelnemers in aksie, beleef jy weer die opwinding van die afgelope jaar – merkwaardige prestasies op sportgebied deur die beste atlete ter wêreld. Gouemedaljewenners.

Kyk 'n mens na foto's van die Paralimpiese atlete in aksie, kry die opwinding nuwe betekenis. Merkwaardige mense wat enorme uitdagings oorkom het om die hoogste sport te bereik. Die beste atlete ter wêreld. Gouemedaljewenners.

Die viering van die prestasies van ons Olimpiese en Paralimpiese helde het 'n (verrassende?) wending geneem toe die Minister van Sport aangekondig het dat die Paralimpiese medaljewenners nie net die helfte nie maar presies dieselfde bonusse gaan ontvang as die Olimpiese medaljewenners. Verrassend? Fantasties! Ongekend? Regverdig!

Dit laat 'n mens dink aan die uitdagings wat gestremde mense in ons samelewing moet oorkom. Blindes, swaksiendes, Downs-lyers, dowes, hardhorendes, serebraalgestremdes, parapleë, kwadrupleë, neurologies-gestremdes, en so kan ons voortgaan. Mense wat op hul eie manier moes leer om in 'n harde en dikwels ongenaakbare wêreld te oorleef – om, by wyse van spreke, met sintetiese lemme te moet hardloop teen gesonde en amper-perfekte voete.

Miskien is die grootste uitdaging vir gestremde mense om as gelykes deur die samelewing behandel te word. Dink maar aan die stryd wat Oscar Pistorius gestry het om op gelyke voet te kon deelneem aan die Olimpiese Spele. Uiteindelik het hy dié baanbreker geword vir die saak van gestremde atlete – met die ondersteuning van derduisende (indien nie miljoene nie) mense regoor die wêreld. As ons egter dink aan die mense met gestremdhede wat in ons gemeentes en gemeenskappe leef, is die vraag of hulle ook sulke ondersteuning kry. Die vraag behoort nie vir ons as gemeentes te wees of ons vir hierdie mense ondersteuning kan gee nie, maar eerder hoe ons dit kan doen.

Die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering (ADV) het dit goedgedink om volgende jaar te fokus op die saak van die gestremde. Waar 2012 se fokus op die bejaarde geval het, het talle gemeentes en ringe groot treë gegee met die diens aan bejaardes in hul gemeenskappe. So wil ons in 2013 vir gemeentes en ringe vra om die saak van die gestremde te bevorder. Só dat hulle tuis sal voel in ons gemeentes, in ons Kerk. Só dat hulle deel sal voel van ons roeping om die sout vir die aarde te wees. Só dat ons nie net sal praat van bediening aan gestremdes nie, maar ook van bediening deur gestremdes. Maar só dat elkeen van ons, gestremd of nie, die liefde van Christus sal ervaar. As mekaar se broers en susters.

Ons wil Ringsdiakensvergaderings (RDV's) en gemeentelike diakensvergaderings nou reeds aanmoedig om mense met gestremdhede na hul vergaderings volgende jaar te nooi – sodat ons nie oor mense praat nie, maar met mense. Sodat ons eerstehands kan hoor wat ons behoort te doen. Met die klem daarop om te doen. Barmhartigheidsdiens is nie 'n blote leerstuk nie – dit is aksies wat ons neem in die voetspore van Christus.

Op die NHK se Facebook-blad is 'n plasing op Sondag 9 September gemaak van Gemeente Weskus wat 'n bril gegee het aan 'n dowe en swaksiende lidmaat. Nie 'n ryk gemeente nie, maar 'n gemeente wat omgee!

Mag die merkwaardige prestasies van ons Paralimpiese atlete ons aanspoor om uit te reik na ons gestremde broers en susters. Mag 2013 in die besonder geken word as die jaar waarin die Kerk haar hand nog verder uitgereik het na dié wat besondere uitdagings moet oorkom. En mag die NHK geken word deur geloof wat in liefde tot dade oorgaan!

Ds Gerhard Stoltz
Sekretaris: Kommissie van die ADV



Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Prop Elritia le Roux

Beroep aanvaar

- **Prop Elritia le Roux** na die Outjo/Otjiwarongo-kombinasie

Vakante standplase

- **Gemeente Duncanville** in Vereeniging beskik oor 'n **vakante voltydse standplaas**, en het die proses begin om 'n beroep uit te bring. Enige belangstellende predikant of proponent kan 'n CV **voor of op 30 September 2012** stuur aan die sekretariële beampte, mev Jeanné Venter, by **info@continentalgardens.co.za**. Die kerkraad is nie verplig om uit die groep aansoekers 'n beroep uit te bring nie.

- **Gemeente Randfontein Midpark** beskik oor 'n **vakante voltydse standplaas**, en beplan om eersdaags te beroep. Die gemeente bestaan uit 380 belydende lidmate met 'n gemiddelde ouderdom van 45 jaar. Predikante met bedieningservaring van tussen 3 en 8 jaar word genooi om met die gemeente in verbinding te tree (traktement volgens die skaal 3 tot 8 jaar). Die gemeente behou die reg om enige predikant van die Kerk te beroep, en is nie verplig om net uit die persone wat met die gemeente geskakel het, 'n keuse te maak nie. Belangstellendes kan met die skriba, mev Hester Esterhuizen, by 011 692 3236 skakel, of met ds Wilhelm Steyn by 012 348 2932.

Bydraes vir moontlike plasing in die *e-Hervormer* moet asseblief teen Dinsdaemiddae 16:00 OP DIE LAASTE na **produksie@nhk.co.za** gestuur word.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed aan **produksie@nhk.co.za**.

Dr Jan Oberholzer

Dr Piet en Juanita Steenkamp

- **Dr Jan Oberholzer**, ouderlinglid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) en vroeër bestuurder van die Kinderhuise, het op Donderdag 13 September 'n operasie ondergaan om verspreide kanker te verwyder. Hy sterk nou tuis aan. Ons dink aan dr Jan en sy gesin in hierdie dae.

- **Ds Peet Esterhuizen** van Gemeente Wonderboom **se vrou, Sonja,** het op Woensdag 12 September 'n groot operasie ondergaan. Sy sterk tans tuis aan. Ons wens haar spoedige en algehele herstel toe.

- **Dr Piet Steenkamp** van Gemeente Saffierkus het pas sy **doktorsgraad** in Organisasiegedrag in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Die titel van sy proefskrif is *A meaningful workplace: From theory development to applicability*. Die gradeplegtigheid het op 5 September plaasgevind, maar dr Piet kon nie die geleentheid bywoon nie, vanweë ernstige hartverwerping wat ingetree het nadat hy longontsteking opgedoen het. (Hy het op 14 Januarie 2009 sy nuwe hart ontvang.) Hy is intussen ontslaan en herstel tuis. Hy hoop om gou sy intense swemoefenprogram te hervat om te kwalifiseer vir deelname aan die *World Transplant Games* in Julie 2013. Baie geluk aan dr Piet, en baie sterkte vorentoe!



- **Finaal van die landswye Bybelvasvra.** Baie sterkte aan al die spanne wat hierdie naweek aan die Finaal deelneem. Die Vasvra vind Saterdag 22 September by Kwaggasrus buite Brits plaas.

- Die **gemeente-tellingvorms** vir Augustus 2012 wat onlangs aan alle gemeentes en predikante gestuur is, moet **voor of op 28 September 2012** ingedien word.

- **Borg kilometers en help ons bejaardes.** Mev Magda van Deventer (redakteur van die ADV se bylaag in *Konteks*) en 'n stapmaat, Avrianne Maritz, stap tans 200 km van 'n pelgrimsroete, die Camino de Santiago in Spanje. Deur middel van borgskappe per kilometer samel hulle geld in vir die **Aksiegroep vir Bejaardes (AGB) van die ADV**. Skakel asseblief die ADV se kantoor by 012 322 8885 x221, of stuur 'n e-posboodskap aan Sonet Esterhuizen by **diens@diakens.co.za** en laat u borgskap aanteken. Meer inligting is beskikbaar op die diakens se webwerf by **www.diakens.co.za**.

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES: 'n Wenk vir bejaardesorg**
  Bejaardes is sagte teikens vir diewe, rowers en verkragters. Maak seker dat die diefwering in bejaardes se blyplekke sterk en behoorlik vas is. Vir meer inligting oor bejaardesorg, gaan kyk gerus by **www.diakens.co.za**.

- Talle van die Kerk se **emeriti** wil graag die **kerklike tydskrifte** (*Konteks* en *Die Hervormer*) en die *Almanak/Bybelse Dagboek* ontvang maar kan dit nie bekostig nie. Lesers wat bereid is om 'n **bydrae** te maak sodat die publikasies gratis aan emeriti voorsien kan word, kan hul bydrae inbetaal by die volgende bankrekening: Raad van Finansies, ABSA, tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing SENTIK-EM.

- **Gemeente Ottosdal** benodig 'n gekwalifiseerde **orrelis**. CV's kan gefaks word na 086 632 8148 of per e-pos gestuur word na **ottosdal@nhk.co.za**. Navrae aan die gemeentelike kerkkantoor by 018 571 0200. **Sluitingsdatum** vir aansoeke **16 Oktober 2012**.

- **Gemeente Benoryn** beskik oor 'n vakature vir 'n **orrelis**. Stuur aansoeke aan die gemeentelike kerkkantoor vir aandag Annette: **benoryn@telkomsa.net**; kontaknommer 011 849 1179; of ds Marlize Gasson: **dominee@vodamail.co.za**; kontaknommer 011 849 3266 of 072 117 0317.

Mev Tessa Coetzer

- **Gemeente Zimbabwe (Harare)** ontvang dié naweek vir **mev Tessa Coetzer**, voorsitter van die NHSV. Sy sal met die dames van die gemeente gesels oor die taak en doel van die NHSV met die oog daarop om die ou RHSV (Rhodesië Hervormde Sustersvereniging) weer te laat herleef in 'n nuwe baadjie. Ds Theuns Botha en sy vrou, Adri, is ook die naweek in Harare. Adri was in die NHSV Hoofbestuur, maar vanweë hul emigrasie na Zimbabwe moes sy bedank. Die gemeente het Saterdagmiddag 'n gemeentegeselligheid. **Ds Theuns Botha** lei Sondagoggend die erediens. Daarna sal mev Coetzer die gemeente toespreek. Op Sondag 30 September lei **ds Attie Hattingh** van Delareyville die erediens in Harare. Die gemeente bedank elke kerkraad en predikant vir die opoffering om hulle in dié moeilike ekonomiese klimaat te besoek en bande te smee. Dit word uit die hart waardeer. Hulle bid ook vir ons geliefde Kerk in Suid-Afrika!

- **Gemeente Durban-Suid** benodig **predikante** om op die volgende tye te preek:
  - 25 Desember om 07:00
  - 30 Desember om 08:30
  - 6 Januarie 2013 om 08:30

  Skakel prof Bieks Beukes by 072 036 4960 of Isabel Dirker by 031 467 7793

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die gemeente bied gratis verblyf vir 'n **predikant en sy/haar gade** in ruil vir die gratis preek; **een** voorskoolse kind kan gehuisves word. Daar word voorsien vir **twee nagte**; indien u 'n ekstra nag wil oorbly en ekstra mense bring, moet u dit **vooraf** met Jan Bette by 073 790 3357 bespreek; die derde nag en ekstra mense is op u eie koste. Kontak Johanna by 072 116 3353 of **nhkdullstroom@yahoo.com**.

- **MRCC: 12de Algemene Kerkvergadering (Sinode)**
  Maandag 1 tot Donderdag 4 Oktober 2012
  Skogheim-konferensiesentrum, Port Shepstone, KZN
  Amptelike opening Dinsdag 2 Oktober, gelei deur ds Jan Mamabolo

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Bosmansrust: Sondag 23 September om 11:00**
  Dankfees en Nagmaal
  Viering van 125ste bestaansjaar van gemeente
  100-jaar-viering van kerkgebou
  Alle oudpredikante, vorige lidmate en ander belangstellendes welkom
  Kontak Piet Marx by 082 708 6761 of **pamarx@lantic.net**

- **Optrede van leerders van Prinshofskool**
  en Transoranje-skool se gebaretaalkoor
  Sondag 28 Oktober om 08:00: Gemeente Midrand
  Navrae aan ds Paula Eksteen-Erasmus by 011 702 3046

- **Gemeente Swartkop: Sondag 28 Oktober: Nagmaaldiens**
  Herdenking van 40-jarige bestaan
  Gelei deur ds David Barnard, lank predikant in die gemeente
  Oudpredikante sal die tafels bedien
  Navrae aan Hannelie Beytell by 012 654 3471 of **nhswkop@telkomsa.net**

- **Gemeente Dullstroom: 2-4 November**
  Viering van 125ste bestaansjaar
  (Gestig 2 November 1887)
  Oudlidmate, oudpredikante en konsulente
  kan foto's/ervarings/gelukwensings stuur
  Almal welkom om saam te kom feesvier
  Navrae aan Johanna Pieterse by 072 116 3353

- **Gemeente Glencoe: Vrydag 7 Desember: Tyd later bekend**
  Buitediens op walle van die Wasbankrivier, distrik Glencoe,
  waar die Gelofte die eerste keer afgelê is
  Kliplegging na die diens
  Almal welkom
  Bring 'n klip van jou omgewing saam met die naam van jou gemeente
  Kontak ds Pieter Bester by 082 899 6564 / 034 212 1815
  pieterbester@telkomsa.net

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 28 September, en word hartlik geluk gewens.**

  - Donderdag 20 September: Prop Suzelle Lange (beroepafwagtend)
  - Vrydag 21 September: Prof Adriaan Pont (emeritus)
  - Saterdag 22 September: Di Zet Robberts (Heidelberg) en Errol Sheppard (Vaalpark)
  - Sondag 23 September: Di Wouter Beukes (Springs-Noord), Neels Botha (emeritus) en dr Gert Malan (Mosselbaai)
  - Maandag 24 September: Ds Thinus van Staden (Montana)
  - Woensdag 26 September: Ds Marna van der Westhuizen (Ogies)
  - Vrydag 28 September: Prof Natie van Wyk (AIM)

Beplande vergaderings

- Vrydag 21 September: Finkom van die Ondersteuningsraad
  Werkgroep: Kerkwees
  in huidige ekonomiese milieu
- Vrydag 28 September: Komitee vir Ouderlinge
  Welstand van gemeentes en predikante

Kursusse en toerusting

- **Gemeente Glencoe: Toerustingskursus: Saterdag 20 Oktober**
  Op reis – 'n dienswerkreistas
  Deur ds Hannes Janse van Rensburg van Zuurfontein
  Registrasie 08:00, kursus begin om 09:00
  Koste R60
  Kontak ds Pieter Bester by 082 899 6564 / 034 212 1815
  pieterbester@telkomsa.net

- **Ring van Oos-Kaapland: Predikantewelstand: 23-26 Oktober**
  Wilgerfontein-wildsplaas, Oos-Kaap
  Veilige ruimte waar jy oor alles kan praat wat in jou lewe en bediening gebeur
  Terapeut/mentor is byderhand met wie jy met vrymoedigheid kan praat
  Geleentheid om alleen met die Here tyd deur te bring
  Herontdek jou krag en skep nuwe drome
  Daarop gerig om ons Kerk se predikante te verryk
  en binne 'n ondersteuningsnetwerk te motiveer
  Navrae aan dr Johan Nel 083 400 0267 of ds Danie Taljard 082 901 2021

- **Gemeente Pretoria: Woensdag 31 Oktober vanaf 09:00**
  39ste Kongres van die Kerkhistoriese Genootskap
  Tema: *Die Godsbegrip – Reformatoriese perspektiewe*
  Opening deur prof SJ Botha
  Prof IWC van Wyk (AIM): *'Die eerste gebod en die God van die eerste gebod' met verwysing na Philipp Melanchthon en Zacharias Ursinus*
  Prof CFC Coetzee (Noordwes-Universiteit): *Die Godsbegrip soos dit deur die Heidelbergse Kategismus begrond en bely word*
  Ledevergadering 11:30-12:00
  Afsluiting 12:00
  Uitstalling van gedenkpennings en historiese munte
  Navrae aan dr JMG Storm (083 308 1030 / **nhmeyerspark@lantic.net**)
  of dr Christo Pretorius (083 651 9634 / **praetorc@telkomsa.net**)

Beskikbare behuising

- **Ons Tuis (Riviera)**
  Tehuis vir versorging van verswakte bejaardes het tans plek beskikbaar
  Volledige versorgingsfasiliteit wat insluit:
  - 24-uur mediese versorging
  - 3 maaltye per dag
  - Sekuriteit
  - Gereelde sosiale aktiwiteite

  Vir meer besonderhede, skakel matrone E Mans by 012 329 3623
  Aansoekvorms kan afgetrek word van **www.otmt.org**
  of kontak H Fourie by 012 325 1857 om aansoekvorms te stuur

- **Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis (Parys)**
  Behuising vir seniorburgers
  Daar is tans die volgende behuising beskikbaar:

MET VERSORGING
1 dubbelkamer (verkieslik 'n egpaar) – 24-uur-versorging
Koste per persoon R5 500 per maand
(sluit in 3 etes per dag, wasgoed en kamer skoonmaak), opnamefooi R3 000
SELFVERSORGING

- A-gang: 1 enkelkamer, R3 050 per maand
  (ingesluit 3 etes, wasgoed en kamer skoonmaak 1 x per week)
- B-gang: 1 dubbelkamer (egpaar) – R3 050 per persoon
  (ingesluit 3 etes, wasgoed en skoonmaak van kamer 1 x per week)
- H-gang: 1 ruim kamer met eie badkamer, stoepie en tuintjie
  (ingesluit middagete) – R3 000 per maand

Eenmalige opnamefooi van R3 000
Ondersteunende dienste beskikbaar
Kontak matrone Alet Botha by 056 811 2185 vir meer besonderhede

Konserte en feeste

- **Sondag 7 Oktober om 18:00: Gemeentes Primrose en Primrose-Oos**
  Christelike toneelstuk deur Delta C: *'n Nuwe lewe*
  Ten bate van **Graad 1 Bybelprojek**: Elke jaar word 'n Bybel
  aan elke nuwe graad 1-leerling in Primrose geskenk
  Volwassenes R50, kinders R30 (sluit ribburger in)
  Navrae per SMS aan Chris de Wet by 082 699 2295

Kampe en toere

- **Toer op Bybelse voetspore...**
  Egipte, Israel en Jordanië
  4-18 Desember 2012
  Kontak ds Hannes van der Merwe by 082 575 1979
  of **hannes@pretoriaoos.com** vir meer inligting

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Brits: Boufondsversoek**
  Dra by tot die gemeente se boufonds
  SMS **KERK** na **48716** en dra R10 by
  Fondse word gebruik om die geboue te herstel
  Meer as een SMS is baie welkom
  Navrae aan ds Kobus Celliers by 012 252 0158

- **Gemeente Hartebeeshoek: Fotokompetisie**
  Tyd om kameras op te neem en te begin soek na *VOETE* en/of *SKOENE*
  Tema: *In sy voetspore*
  Reëls en voorwaardes geld
  Goeie pryse met professionele beoordeling
  Kontak Theresa Oosthuizen by **theresa@northernfoods.co.za**

- **Gemeente Leeudoringstad: Kompetisie om Doringfees bekend te stel**
  Pakkette beskikbaar, ook aan gemeentes
  R1 000: 20 boekies ter waarde van R10 000
  (gemeente kan dus R9 000 wins maak)
  R2 500: 50 boekies ter waarde van R25 000 (wins R22 500)
  R5 000: 100 boekies ter waarde van R50 000 (wins R45 000)
  Kaartjies slegs R50 elk – en 11de kaartjie in die boekie is gratis
  Trekking Saterdag 29 September om 12:45
  Kontak Berno Robinson by 082 395 9241

- **Gemeente Horison Roodepoort: Naweek van 26-27 Oktober**
  Liturgiese blommeskou by die kerk
  Alle blommerangskikkers word genooi om in te skryf
  Vir meer inligting of ’n inskrywingsvorm, kontak Hannie Cripps by 084 549 4102

- **Gemeente Kampersrus: Vakansiekompetisie**
  Trekking: 27 Oktober
  Wen naweek ter waarde van R28 000
  3 nagte verblyf vir 2 persone in 5-ster Kapama Lodge
  (alle etes asook wildritte ingesluit)
  Olifantritte, lugballonrit, spabehandelinge in hartjie van Bosveld
  Besoek aan Cheetah-projek in Hoedspruit
  R2 000 sakgeld
  Kaartjies R100 elk
  Navrae aan ds Marius Kramer by 083 310 6042
  of by gemeentelike kerkkantoor **kampersrus@nhk.co.za**

Basaars en markte

- **Vrydag 28 tot Sondag 30 September: Gemeente Zeerust**
  Bosrumoer
  By Doornrivier 4x4, Zeerust
  Kontak ds Barrie Oberholzer by 082 211 7926 of **bosrumoer@gmail.com**
  http://www.bosrumoer.co.za

- **Saterdag 29 September om 09:00: Gemeente Leeudoringstad**
  Doringfees
  Gaskunstenaar Sorina die Flooze
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 018 581 2055
  of **nhkleeutjies@nwet.co.za**

- **Saterdag 29 September: Gemeente Coligny: Wielefees**
  Beleef grootste ontbytrit nog in die Noordweste
  Veteraanmotors, nuwe motors, omgeboude karre en motorfietse
  Sommer langs hoofpad by Shell Ultra City uitgestal
  Stalletjies met heerlikste gebak, pannekoek, burgers, geroosterde toebroodjies, worsbroodjies en roerbraai
  Pret vir die jonk van hart, verfbal, skyfskiet, springkasteel
  Kom probeer die meganiese bul ry!
  Kontak Jan Haywood (motorinskrywings en uitstallings) by 084 514 7050
  of Jan Jordaan by 083 468 6700 vir algemene navrae en rigtingaanwysings

- **Vrydag 26 Oktober vanaf 09:00: Gemeente Piet Potgieter op Potgietersrus**
  Jaarlikse Kersmark
  Unieke Kersgeskenke en ’n middag- en aandete
  Gebak en speletjies vir die kinders
  Skakel Anna by 084 580 7050

- **Saterdag 27 Oktober: Gemeente Kempton Park-Oos**
  Bosveld Kontreifees
  09:00 tot 17:00
  Kom deel in heerlike dag tussen verskeie uitstallers en kosstalletjies
  Hope pret vir kinders, potjiekoskompetisie, Mnr & Mej Kontreifees
  Gaskunstenaar Thys die Bosveldklong om 14:00
  Toegang R10 per persoon
  Kontak ds Anneline Geyer by 082 924 7344

ANDER NUUS

- **Die Ondersteuningsraad (OSR)** bied vanjaar weer vir minderbevoorregte tieners 'n kamp aan te Mooikrans Equus in Amersfoort, van Sondagoggend 30 September tot Vrydagmiddag 5 Oktober 2012. Die koste beloop **R850 per kind** wat die busvervoer, etes, aanbieding van die program, gebruik van toerusting, ensovoorts, insluit. Aangesien hulle nie vir hulself kan betaal nie, word fondse benodig om die kinders te borg. Persone wat 'n **kind wil borg of 'n donasie wil maak**, kan Suzanne van Deventer van die Pretoriakantoor kontak by 012 325 2320 of **oraad@telkomsa.net**. Die bankbesonderhede is soos volg:
  Die Ondersteuningsraad
  ABSA tjekrekening nommer: 000602795
  Takkode 323 345
  Beskrywing: Kampfonds

- **INTERNASIONALE KINDER- EN JEUGKONFERENSIE**
  26-28 September
  Fakulteit Teologie, NWU, Potchefstroom
  Gerig op predikante, kategete, ouers en almal wat met kinders en die jeug werk
  Verskeie gesamentlike en parallelle sessies
  Wetenskaplike én meer populêre lesings
  Sprekers: prof Malan Nel; Craig Groome; Marius Storm; Petra Kollege; ongeveer 30 ander
  Konferensiegangers is vir eie huisvesting verantwoordelik
  Kry inligting oor gastehuise by
  http://www.potchefstroom.co.za/accommodation/acc_guest_houses.html
  Navrae aan dr Rudy Denton by 018 294 3509 of **rudy@nhk.co.za**

- **BYBELGENOOTSKAP**
  - **SEPTEMBER: 30 DAE VAN GEBED**
    Vir vertalingswerk van Wêreldbond van Bybelgenootskappe
  - **SONGS OF PRAISE**
    Met Richard Cock en massakoor
    Saterdag 29 September om 19:30: Kapel van Kearsney-kollege
    Sondag 30 September om 15:00: Pietermaritzburg-katedraal
  - **LEKKERSTAP VIR BYBELS**
    Saterdag 29 September saam met Upington Toyota
    Kalahari-kuierfees in Upington
    Spring weg om 09:00
    1 km- en 5 km-roete begin en eindig by Die Eiland
    Donasies vir Bybelverspreiding welkom
  - **GHOLFDAG: Dinsdag 9 Oktober**
    Gelyktydige begin 11:00 te Serengeti-gholfklub
    Betterball Stableford: R3 000 per 4-bal (sluit aandete in)
    Kontak Jenene Bernhardt by 011 552 7208
    of **jenene@serengeti.co.za**

  Navrae oor al die projekte aan **biblia@biblesociety.co.za**

- **VAKATURES VIR ONDERWYSPOSTE**
  Privaatskool met 210 leerlinge
  100 km noord vanaf Polokwane, Alldays-rigting
  1. Onderwyser in Engels (Tweede Taal) grade 8-12
  2. Onderwyser in Wiskunde
     Basiese onderwyskwalifikasies – Wiskunde vir graad 12

  Aanvangsdatum: Januarie 2013
  Posvereistes:
  - Erkende onderwyskwalifikasie noodsaaklik; matriekondervinding sal voordeel wees
  - Bewese ondervinding in aanbieding van die vakke

- Beginselvaste, belydende lidmaat van een van dié 4 Kerke: Hervormd, Gereformeerd, NG, APK
- Getuigskrif van predikant
- Onderrig in Afrikaans

Verblyfeenhede op perseel vir gebruik van personeel
Wanneer alle eenhede vol is, sal ander verblyf gereël word
Stuur CV en getuigskrif van predikant na **global@workforceworldwide.com**

- **BEELD-KINDERFONDS KERSKONSERT**
  Woensdag 28 November
  Moreletapark-gemeente
  Juanita du Plessis, Manie Jackson, Joe Niemand, Nadine en ander
  Bespreek by **iTickets.co.za** of per telefoon by 086 100 0291

- **ADVERTENSIES waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word.** Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**.

  Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:
  Raad van Finansies
  ABSA tjekrekening nommer 020-000-287
  Takkode 632-005
  Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad gestuur word; gaan dan na **www.nhka.org** → Praat saam en kies die opsie wat u pas. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

"Ek het pas ds Etienne Fourie se artikel in die *e-Hervormer* van 13 September gelees. Baie dankie vir die eerlike deel van jou ervaring en emosies – ek glo dat dit vele ander mense ook sal help, selfs al is dit dan net deur die wete dat ons nie altyd die antwoorde (hoef te) ken nie. Ek wens jou baie genade toe vir elke dag."

Marieta Mundell, Bellville

"Laat my toe om my ongemak met die voorbladartikel in die laaste *e-Hervormer* uit te spreek. My ongemak gaan oor die gepastheid van die hele artikel, maar spesifiek oor die derde laaste paragraaf. Ek weet nie wie vir ds Fourie so seergemaak het nie, maar ek dink die opmerking was onnodig, dit pas nie in een van ons kerklike publikasies nie. Hierdie opmerking wat nou aan alle lidmate en ook mense buite die Kerk uitgestuur word, help ook nie om die verhoudinge binne die Kerk of die beeld van die Kerk na buite te bou nie." (Verkort – Red)

Dr Stephan Hoffman

Tydskrifte Oktober 2012

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx